**BERGRIVIER MUNICIPALITY**
**VACANCY: CHAIRPERSON OF THE PERFORMANCE, RISK AND AUDIT COMMITTEE**

A suitable candidate is hereby invited to apply for the role of Chairperson of the Audit Committee of Bergrivier Municipality, in accordance with the provision of section 166 of the Local Government: Municipal Finance Management Act, No. 56 of 2003.

Bergrivier Municipality requires the services of a qualified and interested person to serve as the Chairperson of its Performance, Risk and Audit Committee. The incumbent will be responsible for rendering advice to the Municipal Council, the Accounting Officer, political office bearers and management staff on matters relating to internal financial control, internal audits, performance management, effective governance, compliance with the MFMA and other matters in line with the Audit Committee Charter.

**REQUIREMENTS**

a) Tertiary qualification(s) in Financial Management, Accounting, Internal Auditing, Administration, Governance, Performance Management, and Law.

b) Have at least three (3) years' applicable experience as an audit committee member (preferably in local government);

c) Not serving on more than three (3) local government audit committees simultaneously.

**DUTIES**

- Ensures that the Audit Committee serves as an advisory committee to the Municipal Council and the Accounting Officer.
- Ensures that the Audit Committee provides advice on matters pertaining to Internal Audit, Risk Management, Performance Management, Internal Financial Controls, Accounting Policies, Adequacy, Reliability, and Accuracy of Financial Reporting and Information Technology, Effective Governance, Review of the AFS and other related work in accordance with applicable legislation.
- Ensures that the Audit Committee provides advice on compliance with the Local Government Municipal Finance Management Act, the Annual Division of Revenue Act, Performance Legislation and any other applicable legislation.

**TERM OF APPOINTMENT**

The appointment is for a period of three (3) years after which the term may be extended for a further period of three (3) years on the sole discretion of Council.

**REMUNERATION**

Compensation will be in accordance with rates as determined by National Treasury. Schedules in this regard are issued annually with specific hourly or daily rates. All other refundable expenses are based on the Municipality's related policies in line with the National Treasury guidelines.

Further details are available from Adv Hanlie Linde on 022 913 6011/2 or 082 448 1231

**PROCEDURES**

To apply, please forward a comprehensive Curriculum Vitae (CV) with a covering letter to the Municipal Manager, Bergrivier Municipality at mm@bergmun.org.za

Please note: Recent certified proof of your qualifications is a requirement for selection and must be attached to your CV. Applicants who do not submit all the supporting documentation as requested will not be considered for this position. Please note that receipt of applications will not be acknowledged and no supporting documentation will be returned.

**Closing date: 07 November 2025**

**If you do not hear from us within four (4) weeks of the closing date, please regard your application as unsuccessful. The Council reserves the right not to make any appointment.**

MN229/2025

**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**VAKATURE: VOORSITTER VAN DIE PRESTASIE, RISIKO EN OUDITKOMITEE**

’n Geskikte kandidaat word hiermee uitgenooi om aansoek te doen vir die rol van Voorsitter van die Prestasie, Risiko en Ouditkomitee van Bergrivier Munisipaliteit, ingevolge die bepalings van artikel 166 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet, Nr. 56 van 2003.

Bergrivier Munisipaliteit benodig die dienste van ‘n gekwalifiseerde en belangstellende persoon om as die Voorsitter van die Prestasie, Risiko en Oudit komitee te dien. Die posbekleër sal die Munisipale Raad, die Rekenpligtige Beampte, politieke ampsdraers en bestuurspersoneel adviseer oor aangeleenthede rakende interne finansiële beheer, interne oudits, prestasiebestuur, doeltreffende korporatiewe bestuur, nakoming van die MFMA en ander aangeleenthede in lyn met die Ouditkomitee-handves.

**POSVEREISTES**

a) Tersiêre kwalifikasie(s) in Finansiële Bestuur, Rekeningkunde, Interne Oudit, Administrasie, Korporatiewe Bestuur, Prestasiebestuur of Regte.

b) Ten minste drie (3) jaar toepaslike ondervinding as lid van ouditkomitee (verkieslik in plaaslike regering);

c) Nie terselfdertyd dien op meer as drie (3) ouditkomitees in plaaslike regering nie.

**PLIGTE**

Die posbekleër se pligte sal wees om te:

- Verseker dat die Ouditkomitee dien as ’n advieskomitee vir die Munisipale Raad en die Rekenpligtige Beampte.
- Verseker dat die Ouditkomitee advies verskaf oor aangeleenthede rakende Interne Oudit, Risikobestuur, Prestasiebestuur, Interne Finansiële Beheer, Rekeningkundige beleide; Voldoendheid, Betroubaarheid en Akkuraatheid van Finansiële verslagdoening en Inligtingstegnologie, doeltreffende Korporatiewe Bestuur, hersiening van die Finansiële State en ander verwante werk ingevolge toepaslike wetgewing.
- Sorg dat die Ouditkomitee advies verskaf oor nakoming van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet, die Wet op die Verdeling van Inkomste, Prestasie wetgewing en enige ander toepaslike wetgewing.

**TERMYN VAN AANSTELLING**

Die aanstelling is vir 'n tydperk van drie (3) jaar waarna die termyn verleng kan word vir 'n verdere tydperk van drie (3) jaar volgens die uitsluitlike diskresie van die Raad.

**VERGOEDING**

Vergoeding sal in ooreenstemming wees met tariewe soos deur die Nasionale Tesourie bepaal. Skedules in hierdie verband word jaarliks uitgereik met spesifieke uurlikse of daaglikse tariewe. Alle ander terugbetaalbare uitgawes is gebaseer op die Munisipaliteit se verwante beleide in ooreenstemming met die Nasionale Tesourie-riglyne.

Voorkeur sal gegee word aan persone wat woonagtig is in die Bergrivier Munisipale gebied. Verdere besonderhede is beskikbaar by Adv Hanlie Linde by Tel 022 913 6011/2 or 082 448 1231.

**PROSEDURES**

Om aansoek te doen, stuur 'n omvattende Curriculum Vitae (CV) met 'n dekbrief aan die Munisipale Bestuurder, Bergrivier Munisipaliteit, by mm@bergmun.org.za

Let wel: Onlangse gewaarmerkte afskrifte van u kwalifikasie(s) word vir keuring vereis en moet u CV vergesel. Aansoekers wat nie al die ondersteunende dokumentasie indien nie, sal nie vir hierdie pos oorweeg word nie. Neem asseblief kennis dat ontvangs van aansoeke nie erken word nie en geen ondersteunende dokumentasie sal terugbesorg word nie.

**Sluitingsdatum: 07 November 2025**

**Indien u nie binne vier (4) weke na die sluitingsdatum van ons verneem het nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was. Die Raad behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.**

MN229/2025